

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

18 November 2018 **Nr. 694**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 08:00 NABETRAGTING Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Daniël 7: 1-28
Teks:	Daniël 7: 13, 14, 17, 18
Tema:	God kom troos sy kerk met die opdrag om nie in eie krag te leef nie!
Sang:	Ps 150: 1 Ps 119: 53 Ps 68: 1, 2 Ps 68: 3, 9
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Trans-Oranje Inst

KOM, kén die pad na Betlehem-Efrata!

Hiermee `n hartlike uitnodiging na die jaarlikse
gesamentlike Kersdiens VANAAND om 18:30.
Met Woord en Lied besing ons die lof van ons Here!
Saam met ons gemeentes se eie instrumentaliste,
tree Singfonix Manne-Ensemble ook as gaste op.
Na afloop geniet ons `n koppie koffie/tee in die saal,
met heerlike happies uit al vier windrigtings . . . . . .

Deurkollektes volgende Sondae	Oggend	Aand
25 November	Teologiese Studente	Evangelisering
2 Desember	Evangelisering	Hulp in Kerkverband

Nabetragting:
Vir ons kinders: *Nabetragting* is in wese 'n TERUGKYK op die vorige Sondag se Nagmaal. Met *Nabetragting* oordink ons wat die sakrament van ons Here Jesus Christus vir ons lewe vorentoe beteken.

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: R30 per CD enkel in kassie, R50 per 2 CDs in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.

Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

VIR MEELEWING

Meelewing

- Br Johan van Dyk (083 417 5591) gaan Maandag vir groot operasies na Eugene Marais Hospitaal in sy skouers om kanker te verwyder.
- Br Eduard Mouton (082 448 2595) gaan 5 Desember vir 'n voetoperasie in Pretoria-Oos Hospitaal.
- Met die volgende lidmate wat in die Hospitaal was: Br Fanie Coetzer (079 391 2376), Br Wickus Grobler (012 548 5191), Sr Riekie Grobler (012 548 5191) en Gordon Carver (073 189 4656).
- Br Jan Venter (083 292 5606) wat vir 'n ernstige oogoperasie was.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: Sr Rina de Jager (Montamed), Riekie Grobler (Montamed) en br Andries Nel (Huis Blymoedig).
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en die rehabilitasie!

Verjaardae
Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

November	Maandag	19	Jani Labuschagne	076 708 3104
		19	Louis van der Walt	072 136 7803
	Woensdag	21	Hanré Beer	083 254 2412
		21	Hendrik du Plessis	083 609 0182
		21	Nellie Oberholzer	083 788 0721
	Donderdag	22	Deon de Beer	012 548 5150
		22	Arno Marais	082 495 8567
	Vrydag	23	Ansa Coetsee-Nieman	082 500 3996
	Saterdag	24	Salomie Badenhorst	082 820 0941
		24	Nel Kurpershoek	082 929 0230
		24	Pat Snyman	082 828 5713

GEMEENTE-AKTIWITEITE

Sangbord
Die sangbord-operateurs, wat so getrou deur die jaar die sangbord bedien, is amper almal tydens die Desember-skoolvakansie uitstedig. U sal dus vir die duur van die vakansie u eie Psalmboeke en Bybels moet saambring na die eredienste toe, of van toepassings op die selfoon gebruik moet maak. As daar egter ander lidmate is wat ook bereid is om met die sangbord te help (broers, susters, jongmense), kontak asb so gou moontlik vir br Hannes Spies (082 670 9509).

Preekbundel – Finalejaarsklas 2008
Ds Gert se finalejaarsklas van 2008 het die afgelope ruk gewerk aan 'n 10-jaar preekbundel. Op die kennisgewingsbord is 'n advertensie asook 'n lys om jou naam op te skryf as jy een wou bestel.

AAA (Aksie vir Alle Afgetredenes) – Afsluitingsete

Die AAA-groepie van die susters nooi alle afgetrede lidmate uit om saam te kom eet en kuier DV Dinsdag 27 November 2018 in die Kerksaal. Aankoms om 11:00 en kuier, en eet! (**Let op die tyd !)**

Indien u die ete wil bywoon, voltooi asb die skeurstrokie en gooi in die kollektesakkie of gee vir Martie van Dijken of Magda in die Kerkkantoor voor of op Sondag 25 November.

✂----------

AAA-ete: 27 November 2018 (Magalieskruin)
Ek/Ons wil die ete bywoon

Naam en van: _____ Tel: _____

Aantal persone: _____ Ek/Ons benodig vervoer JA / NEE

Magalieskruin se klankstelsel en CD-maak funksies:
Ons soek na iemand wat die verantwoordelikheid vir die gemeente se beheer en instandhouding van die klankstelsel kan oorneem. Die funksie sluit in die weeklikse verwerking van die klankopnames vir plasing op die kerk se webblad en die maak van CD's wat bestel word. Vir laasgenoemde is toepaslike sagteware en toerusting beskikbaar. Daar sal voldoende opleiding en aanvanklike begeleiding verskaf word. Kom praat asseblief met br Marten van Dijken indien u belangstel. (Huis: 012 548 3549 of Sel: 083 308 0294)

Lidmate met gehoorapparate:
Die kerkgebou beskik oor toerusting wat u in staat stel om slegs die predikant se stem te volg sonder al die omgewingsklanke. Dit bestaan uit 'n spoel (coil) in die vloer al om die middelste blok banke. Om dit moontlik te maak, beskik meeste moderne gehoorapparate oor 'n sogenaamde "telecoil"-funksie, wat tipies eers deur u oudioloog geaktiveer moet word, waarna dit dan òf outomaties òf per hand oorskakel om die spoel se sein te ontvang. Daar is reeds 'n paar lidmate wat daarvan gebruik maak. Kom praat met br Marten van Dijken vir meer besonderhede en hoe om dit te maak werk (Huis: 012 548 3549 of Sel: 083 308 0294).

Bybelstudiegroepe

GROEP 4 (Hannes Spies – 082 670 9509) – Woensdag 21 November 15:00 by die Villas.

Bybelstudie Naskooljeug
Baie dankie vir almal wat Saterdag by die afsluiting was. Dankie ook vir die jaar wat verby is.
'n Besondere dankie aan Marike Snyman (Naskoolse Jeugleier) wat hierdie jaar se admin gehanteer het. Indien enige iemand wil inskakel by die Naskoolse Jeug in 2019, gee asb jou naam deur aan Marike Snyman (079 885 0214), sodat sy jou naam op haar lys kan plaas.

Gereformeerde vriendekring
Afsluitingsete ! ! ! BESPREEK NOU! **DV 21 November 12h00**
Voorgereg, Hoofgereg, Nagereg (Wyn ingesluit)
R150 per persoon
Plek: Kerksaal Stephanweg
Kom eet saam.
Bespreek jou plek voor 13 November by Mariki 012 548 9082

Eljadahuis
Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada!! Hulle onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en boksmelk. Die ander behoefte is nie-bederfbare items soos blikkieskos, pakkies tee, ontbytpap, broodsmere en toiletware. Enigiets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir óns: "bederfies") is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê, kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly maar dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddelle

VAN DIE SUSTERS

Vandag sal daar geen tee en koffie bedien word nie agv Mantanapoort se Nagmaal.

Teeskinkbeurte
Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!

25 November	Wyk	D02	Hantie Briel
	Wyk	E06	Amanda Oelofse
	Wyk	E08	VAKANT

VAN DIE KERKRAAD

Katkisasie
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk, daarna verryking.

Uitnodiging vanaf Montanapoort (Laerskool Jeug Afsluiting – Sat 1 Desember):
Die Dopperduimpies van GK Montanapoort nooi alle Laerskool kinders van ons gemeente uit na hulle jaarlikse afsluiting die 1e Desember om 12:00 by die kerkgebou. Dit gaan in die vorm van 'n boeresport en bring & braai plaasvind. Bring saam: Piekniekmandjie, hoed, sonbrandroom & handdoek. Daar word hout & sout voorsien. Ons soek asb getalle voor Vrydag 23e November (Laat weet vir Ds Gert sodat hy dit kan deurgee aan Montanapoort). Indien jy meer inligting benodig, kontak vir Ds Gert in hierdie verband.

Jeugbyeenkoms: 26 November 2018
Net weer 'n herinnering aan die jeugbyeenkoms Maandag 26 November 2018, by ons Kerk.

Ons moedig die naskoolse jeug in die gemeente opnuut aan om die geleentheid by te woon. Ons begin om 19:00 en daar is reeds heelwat belangstelling van ander gemeentes. Die aand beloof om die begin te wees van groot dinge vir Gereformeerde jongmense van die streek.

Ons besef ongelukkig ook dat daar by baie jongmense 'n kyk-wat-gebeur-houding is teenoor sulke inisiatiewe, maar 'n jeugbeweging kan alleen van die grond af kom en aan hulle behoeftes voldoen, as elkeen sy of haar insette kom lewer. Ons versoek daarom:

1. Dat die jeugverteenwoordiger van elke gemeente in die klassis Trans-Magalies en Die Moot, soveel moontlik na-skoolse jeug saambring na die funksie.
2. Dat alle belangstellendes asb. teen Vrydag 23 November die getalle van u gemeente deurgee aan Ryno van Emmenis per WhatsApp by 079 562 9560. Dit is ter wille van eetgoed wat goedgunstiglik deur Magalieskruin se susters voorberei word.

Namens: Di. Ben Smit, Johan Nel, Gert Erasmus.

Verandering van u persoonlike inligting
Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of E-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee.

Beroepe Ontvang
- Ds SJB Lee (Hannes) van Ladybrand na Messina.
- Ds DJ Malan (Danie) van Uitschot na Piet Retief.

Beroepe Aanvaar
- Ds RJ Pretorius (Rynhardt) van Buffeldoorns na Benoni as medeleraar.

Met Leedwese
- die afsterwe van Ds AS Heystek (Fanus), emerituspredikant van GK Akasia, op 15 November 2018.

Dagboekdatums

Dinsdag	20 November	Streeksinode	
Woensdag	21 November	Streeksinode	
	21 November	Vriendekring	12:00
	21 November	Bybelstudie (Hannes – Villas)	15:00

Ds Gert se dagboek

Maandag:	Admin vergadering	09:00 – 10:00
	Pastorale besoek	18:00
Dinsdag:	Streeksinode (GK Wierdapark)	
Woensdag:	Teologiese student besoek	09:00 – 10:00
	Pastorale besoek	10:30 – 11:30
	Huisbesoek	18:00
Donderdag:	Voorbereiding	
Vrydag:	Voorbereiding	

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.

KERKENUUS

TV-reeks oor kultes en kultariese groepe werksaam in Suid-Afrika.
Die TV reeks **Openbarings**, wat handel oor kultes en kultariese groepe werksaam in Suid-Afrika, vind plaas op Donderdae en Sondae op **VIA (DStv kanaal 147) – 13 een uur lange episodes**

Do.15/11 om 20:30 (herhaal So.18/11 om 21:00) – **(Mormone) Kerk van Jesus Christus van die heiliges van die laaste dae**
Do.22/11 om 20:30 (herhaal So.25/11 om 21:00) – **Desteni**
Do.29/11 om 20:30 (herhaal So.02/12 om 21:00) – **Scientologie**
Do.06/12 om 20:30 (herhaal So.09/12 om 21:00) – **Christ in Me International**
Do.13/12 om 20:30 (herhaal So.16/12 om 21:00) – **Seven Angels Ministry**
Do.10/01 om 20:30 (herhaal So.13/01 om 21:00) – **Rabboni Centre Ministries & End Times Disciples Ministries**
Do.17/01 om 20:30 (herhaal So.20/01 om 21:00) – **Christ Gospel Church**
Do.24/01 om 20:30 (herhaal So.27/01 om 21:00) – **Providence & Shincheonji**
Do.31/01 om 20:30 (herhaal So.03/02 om 21:00) – **Jehovah-getuies**
Do.07/02 om 20:30 (herhaal So.10/02 om 21:00) – **Grace Gospel Church & Church Team Ministries International**
Do.14/02 om 20:30 (herhaal So.17/02 om 21:00) – **Spade Reënsending (Blou Rokke)**
Do.21/02 om 20:30 (herhaal So.24/02 om 21:00) – **Universal Church of the Kingdom of God**
Do.28/02 om 20:30 (herhaal So.03/03 om 21:00) – **Israelvisie, Dogter van Sion**

DANKIESÊTYD

Van die Kerkraad: 'n groot dankie aan

- Huib Verhoef vir die uitsonderlike manier waarop hy orrel speel en die gemeente begelei.
- Hertzog Schutte wat sorg dat die klank Sondae reg is, Marten en Martie van Dijken wat help met die klank by begrafnisse en Marten wat die "klankdrade" bymekaar hou.
- Marten en Martie van Dijken vir die getroue maak van die CD's vir lidmate.
- Tommie en Michelle Dreyer, Marthie, Carike en Hermine Goede, Inge Coetzee, Innes Potgieter, Ryno en Zelri van Emmenis en Helena Venter wat al die vooraf-sangbord werk doen en dit Sondae hanteer, en aan Hannes Spies vir die koördinering.
- Magda Schoeman vir die werk in die kantoor gedoen deur die jaar.
- Elsie en Dirk, die Sondag-oopsluiters vir die werk wat hulle doen.
- Stefaans, Stephens en Johanna wat sorg dat alles in en om die kerkgebou reg en skoon is.
- Sonder hierdie groot werk wat julle almal doen, sal die gemeente baie moeilik kan funksioneer.

Dit word raakgesien en baie waardeer!

Van die Susters:

Met hierdie jaar se werksaamhede wat besig is om ten einde te loop, 'n baie groot dankie aan

- Die bestuur van die susters.
- Elke wyksuster.
- Elke groepievoorsitter en al die lede van elke groepie.
- Elke suster wat tee geskink het by kerkraadsvergaderings, begrafnisse, Sondae of ander gemeente-aktiwiteite.
- Elke suster wat by watter geleentheid ookal, verversings verskaf het.
- Elke suster vir u geldelike bydrae of aankope uit u sak.
- Elke ander suster wat op een of ander manier gehelp het met die werksaamhede van die susters of die gemeente.
- Al die broers vir u hulp deur die jaar.
- Al u harde werk en al u tyd gespandeer – ten spyte van u eie vol program – is goud werd. Daarsonder kan die ratte nie draai nie.
- **Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader wat só vir ons sorg dat ons nog hierdie geleenthede het en in staat is om dit te kan doen.**
- Mag ook die res van 2018 vir u geseënd wees!

Erica Arnold